Woensdag 23 September

Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:12-22 (AFR33/53)

Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:20

## God se lankmoedigheid

Ons kan dieselfde lyn trek wat ons gister in 1 Petrus 2 raakgesien het – die Christelike lewe voor God se aangesig:

- "die oë van die Here is op die regverdiges …" (vs 12)
- "… heilig die Here God in julle harte …" (vs 15)
- "… om ons tot God te bring …" (vs 18)

Ons ontvang die opdrag in vers 17: *"Want dit is beter, as die wil van God dit eis, dat julle ly wanneer julle goed doen …"* Duidelik lê die klem dat ons Christelike lewe voor God, sy wil is. Hy wil dat ons voor Hom leef. Dit gaan nie altyd maklik wees nie, want in sekere omstandighede gaan ons vir Hom ly en swaarkry. Ons moet onthou – soos sy oë op ons is, moet ons oë in gehoorsaamheid, deur die geloof op Hom wees. Ons moet Jesus Christus ons Here voor oë hou, Hy wat vir ons gely het, die Regverdige vir die onregverdiges (vs 18). Ons Redding in Christus staan vas!

'n Gebeurtenis in die geskiedenis word hier vir ons uitgelig om die verlossing wat God gebring het, te wys. In vers 20 kry ons 'n kyk in God se hart in … In die tyd van Noag, toe hy die ark gereed gemaak het, het God se geduld en lankmoedigheid met die mensdom duidelik gewys. Hebreërs 11:7: *"Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is."* Noag het die ark gebou toe daar nog nie water in sig was nie. Deur sy lewe het God gewys dat Hy geduldig en lankmoedig is. Elke spot, elke skewe kyk, elke dwars vraag en antwoord aan Noag, het God se geduld gewys. As God so lankmoedig is, hoe lyk ons geduld?

*Sing: Psalm 145-1:1, 5, 12*

*Ds. MH (Marco) le Roux (Reitz/Lindley)*